Die Wese van Wapadrant Gemeente

ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD

Sien nog beskrywings deur met jou muis se rigtingwyser daarop te "klik"

Gemeente se **GEESTELIKE WELSTAND en GROEI**

RAAD van OUDER-LINGE (RvO)

- Jesus Christus staan sentraal tot alle aktiwiteite in die gemeente

FOKUSAREAS

***LPG** (luister en praat met God)*	***OLV** (Onderlinge Liefde en Verhoudings)*	***Getuig***	***Dienswerk***	***Viering***

DIENSGROEPE is elkeen individueel deur die RvO gemandateer:

Kleingroepe, Finansies, Uitreik, Pastoraal, Jeugbediening, Terrein, Diakonie, Kommunikasie, Admin, Personeel, Eredienste, Predikante versorging en ondersteuning, WAT (Wapadrant Toerusting)

BESTUURSDIENSGROEP bestaan uit die verskillende diensgroepe:

- Gee uitvoering aan RvO besluite
- Verseker elke diensgroep bereik hul visie en strategiese doelwitte
- Adviseer RVO insake strategie van gemeente

Ons **WAARDES**

- LIEFDE – vir God en mekaar
- VERHOUDINGS – met God, met mekaar, met die wêreld
- GROEI – in liefde en in hierdie verhoudings
- DIENSBAARHEID – teenoor God, teenoor mekaar, teenoor die wêreld
- VERSKEIDENHEID – dis 'n gawe om te omhels en te gebruik

Wat ons GLO

- Ons glo dat daar net EEN God is, ons Here, die God wat Hom in Sy werke en in die Bybel aan ons openbaar
- Ons glo dat hierdie EEN God DRIE persone in een wese is – Vader, Seun en Heilige Gees
- Ons glo dat die Vader alles gemaak het en steeds onderhou
- Ons glo dat die Seun Jesus Christus is:
  - Hy bestaan van ewigheid af saam met die Vader en die Heilige Gees
  - Hy is as mens uit die maagd Maria gebore
  - Hy het aan die kruis vir ons sondes betaal
  - Hy het doodgegaan en op die derde dag opgestaan uit die dood
  - Hy is nou by God, waar Hy ons verteenwoordig
- Ons glo dat die Heilige Gees in ons woon en ons lei en help
- Ons glo ons sondes is deur 'n ware geloof in Jesus Christus vergewe
- Ons glo dat die lewe nie met die dood eindig nie, maar dat daar 'n ewige lewe is
- Ons glo dat ons reeds die ewige lewe het
- Ons glo dat net geloof in Jesus Christus vir ons die ewige lewe verwerf
- Ons glo dat die Bybel die Woord van God is
- Ons glo dat die kerk die gemeenskap van gelowiges is wat deur God na die wêreld gestuur word